




# **LOCAL CHILDREN'S AUGUST 2021**

**JULY 2021**

BOITUMELO MOTHUPI

# MOSETSANA wa Dipotso di le 21



DITSHWANTSHO KA SUBI BOSA

## Intombazanyana enemibuzo engu-21

[Boitumelo Mothupi](#)

Illustrated by [Subi Bosa](#)


Once upon a time there was a girl who loved asking questions. Why? Where? When? How? What? Who? When everyone grew sick and tired of all her questions, the girl decided to search for the answers to all her questions elsewhere – in books! And before long she started telling her own stories ...

An empowering story about the power of books and stories.

Also available in English, Afrikaans and Setswana.


Publication date:	July 2021
ISBN:	978-1-77625-068-4
e-ISBN:	978-1-77625-069-1
Price:	R140
ePrice:	R112
Category:	Picture book 3+
Format:	210 x 280 mm
Extent :	32
Illustrations:	Full colour illustrations throughout
Rights:	World







**AUGUST 2021**



# Al staan jy op jou kop en ander lawwe rympies

[Jaco Jacobs](#)

Illustrated by [Nici Brockwell](#)

Het jy al 'n weermag Weense worsies gesien? Wat sal jy doen as jou huiswerk wegvlieg? Watter nare dinge gebeur as jy jou pizza met 'n mes en vurk eet? Kom baljaar saam in dié prettige, holderstebolder rympieboek uit die pen van Jaco Jacobs. Jy gaan nêrens 'n lawwer rympieboek as dié een kry nie – al staan jy op jou kop! Die versameling bevat 58 rympies met illustrasies deur Nici Brockwell.

Have you ever seen an army of Vienna sausages? What will you do if your homework flies away? What awful things can happen if you eat your pizza with a knife and fork?

Come and join the fun in this hilarious new book by Jaco Jacobs. You won't find a funnier collection of rhymes than this one – even if you stand on your head!

Publication date:	July 2021
ISBN:	978-1-77625-058-5
e-ISBN:	978-1-77625-059-2
Price:	R180
ePrice:	R144
Category:	Children's poetry
Format:	128 x 198 mm
Extent :	128 pages
Illustrations:	Black and white illustrations throughout
Rights:	World





## Dink mooi ...

Dink mooi  
voor jy 'n waatlemoen  
heel probeer insluk.  
Dink mooi  
voor jy jou elmboog  
in jou neus opdruk.  
Dink mooi  
voordat jy lawa  
op jou pousebroodjies smeer.  
Dink mooi  
voor jy 'n seekoei  
op jou kop laat balanseer.  
Dink mooi  
voor jy 'n kokosneut  
probeer stukkend byt.  
Dink mooi  
voor jy jou skooltas  
in 'n tenk vol haaie smyt.  
Dink mooi  
voor jy 'n weerwolf  
toertjies probeer leer.  
Dink mooi  
voor jy besluit om  
by die Noordpool te kampeer.  
Dalk wil jy tornado's tem  
of 'n gorilla soen.  
Al wat ek wil sê,  
is dink maar mooi  
voor jy dit doen.



## Jy's perfek net soos jy is!

Jy's perfek net soos jy is  
(al dink jy dalk nie so nie)!  
Laat 'n T-Rex jou oortuig  
as jy my nie wil glo nie.  
Jy bekommer jou verniet  
oor die grootte van jou voete,  
en 'n T-Rex sal versot wees op  
jou moesies en jou sproete.  
Jou bakore is pickfyn,  
jou neus is nie te krom nie,  
daar is niks fout met jou tande nie –  
'n T-Rex gee nie om nie!  
Jou asem kan maar stink,  
hy sal nie daaroor kla nie.  
Daai puisie op jou voorkop?  
Dit sal hom glad nie pla nie.  
As jy onseker oor jouself voel,  
onthou wat jy hier lees:  
Vir 'n T-Rex sal jy altyd  
die *perfekte* happie wees!



## Hoendermispastei

Hoendermispastei  
is 'n baie rare dis,  
met 'n nare hoofbestanddeel.  
(Jip, dis hoendermis.)  
As jy wonder hoe dit smaak –  
ek moet erken ek weet nie.  
Niemand wat ek ken  
het dit nog ooit geëet nie.  
Dalk wil jy dit proe,  
dalk soek jy 'n skeppie,  
maar geen resepteboek  
bevat daardie resep nie.  
Nêrens waar ek was  
kon ek dit nog ooit bestel nie –  
by geen goedkoop straatkafée  
of peperduur hotel nie,  
dit is nêrens te kry  
in 'n vyfsterrestaurant nie,  
dit help nie eens jy soek  
in die verste, verste land nie.  
Nêrens op 'n spyskaart  
kry jy hoendermispastei nie.  
Maar sê my nou doodeerlik –  
is jy nie ook maar bly nie?

